

ROOI, WIT EN BLOU

# Keurige vir

## ROOI, WIT EN BLOU

**BENODIGDHEDE**
Pingouin-hekelgare Nr. 5, 50 g blou, 50 g wit, ongeveer 20 g rooi; breinaalde van 5 mm.

**MATE**
Borsmaat ongeveer 56 cm.

**SPANNING**
20 ste en 23 rye = 10 x 10 cm.
**L.W.:** Gare word deurgaans dubbel gebruik.

**AFKORTINGS**
r — brei regs; aw — brei awe regs; vermeer — vermeerder; vermin — verminder; oorbl — oorblywende; st(e) — steek(steke); rif — riffelsteek (= brei r 1, aw 1 deurgaans); ks — kousteek (= brei een ry regs, een ry aweregs); jacquardsteek = ingebreide motiewe in verskillende kleure; vlge — volgende.

**AGTERPANT**
Met blou, stel 11 ste op en brei ks. Vermeer 1 st aan weersk in vier opeenvlge rye (8 ste vermeer); vermeer dan 1 st weersk in vlge 10 alt rye (20 ste vermeer).
Stel 10 ste op aan einde van vlge 2 rye (20 ste vermeer in 2 rye).
Brei 6 rye oor alle ste en gaan voort met ingebreide patroon volgens diagram 1.
Wanneer motiefrye voltooi is gaan voort met wit tot werk 24 cm lank is.
Brei dan vlge motiefrye volgens diagram 2.
Brei voort tot sykant van werk 18 cm lank is (gemeet vanaf einde van broekspypvermeer).

**Mousgatvorming**
Heg 5 ste af aan beg van vlge 2 rye, dan nog 1 st weersk in vlge 8 alt rye (26 ste afgeheg).
Gaan voort in rif vir 1,5 cm. Heg af.

**VOORPANT**
Met blou, stel 11 ste op en brei ks, vermeer 1 st weersk in vlge 11 alt rye (22 ste vermeer), vermeer 5 ste aan einde van vlge 2 rye, vermeer dan 8 ste aan einde van daaropvlge 2 rye (26 ste vermeer).
Brei 6 rye ks oor alle ste. Volg dan diagram 1 en brei motiefrye.
Gaan voort met wit tot werk 21 cm lank is.
Brei motiefrye volgens diagram 3, en brei voort tot synaat 18 cm lank is.

# swempakkies kleuters

**Mousgatvorming**
Heg 5 ste af aan beg van vlge 2 rye, dan nog 1 st weersk in vlge 8 alt rye (26 ste vermin). Behou deurlopendheid van jacquardpatroon en brei daarna voort met blou soos vir agterpant. Brei 1,5 cm rif en heg af.

**SKOUERBANDE (maak 2)**
Met wit, stel 55 ste op, brei 2,5 cm rif, heg af.

**AFWERKING**
Werk kruisnaat toe. Stel 50 ste op langs elke broekspyp en brei rif vir 1,5 cm. Heg af. Borduur met blou vliegies op voorpant soos op foto. Werk synate toe. Tel 31 ste op langs elke mousgat en brei in rif, vermeer 1 st aan weersk in 4 opeenvlge rye. Heg af. Werk mousgatbande en bande om halsrand toe. Werk skouerbandjies vas.

BLAAI OM

**ROOI, WIT EN BLOU**

DIAGRAM 3




DIAGRAM 2





DIAGRAM 1



☐ — blou
⊠ — wit
▣ — rooi



**MET 'N SIGSAGSTREEP**

# ROOI EN GEEL HITTEGOLWE



## MET 'N SIGSAGSTREEP

**BENODIGDHEDE**
Pingouin-hekelgare Nr. 5, 100 g wit, 1 bol blou, 1 bol rooi (oorskietgare sal voldoende wees); breinaalde van 5 mm.
L.W.: Gare word deurgaans dubbel gebruik.

**MATE**
Borsmaat ongeveer 56 cm.

**SPANNING**
20 ste en 23 rye = 10 x 10 cm.

**AFKORTINGS**
r — brei regs; aw — brei aweregs; ks — koussteek (1 ry regs, 1 ry aweregs); oks — omgekeerde koussteek; rif — riffelsteek (= brei 1 regs, 1 aweregs deurgaans oor ewe getal ste); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; st(e) — steek(steke); weersk — weerskante; vlge — volgende.


**AGTERPANT**
Met wit, stel 8 ste op en brei ks. Vermeer 1 st weersk in vlge 14 alt rye (= 28 ste vermeer). Vermeer 5 ste aan einde van opeenvlge 4 rye (= 20 ste vermeer).
Brei voort tot synaat 15 cm lank is gemeet vanaf laaste vermeer.

**Mousgatvorming**
**1e Ry:** heg 5 ste af aan beg van ry.
**2e Ry:** heg 5 ste af aan beg van ry, brei 19 ste, heg 8 ste af vir halsrand, brei 19 ste.
**3e Ry:** mousgatrand: heg 1 st af, brei 18 ste.
**4e Ry:** halsrand: heg 3 ste af, brei 15 ste.
**5e Ry:** heg 1 st af, brei 14 ste.
**6e Ry:** brei sonder vermin.
**7e Ry:** heg 1 st af, brei 13 ste.
**8e Ry:** heg 3 ste af, brei 10 ste.
**9e Ry:** heg 1 st af, brei 9 ste.
**10e Ry:** brei sonder vermin.
**11e Ry:** heg 1 st af, brei 8 ste.
**12e Ry:** heg 3 ste af (5 ste oor).
**13e Ry:** heg 1 st af (4 ste oor).
**14e Ry:** Brei sonder vermin.
**15e Ry:** heg 1 st af (3 ste oor).
**16e Ry:** heg laaste 3 ste af.
Vorm 2e mousgat soos spieëlbeeld van 1e.

BLAAI OM

**SIGSAG**

☒ — blou
☐ — wit
⊡ — rooi



**VOORPANT**
Soos agterpant, tot einde van broekspypvermeer.
Nadat vermeer voltooi is word streeppatroon volgens diagram gebrei.

**AFWERKING**
Borduur klein motiewe bokant sigsagpatroon soos op diagram getoon.
Werk kruisnaat toe.
Met rooi, tel 50 ste op oor broekspyprand en brei rif vir 1,5 cm. Heg af.
Brei 2e broekspypstrook dieselfde.
Werk synate toe.
Met rooi tel 35 ste op langs een mousgat en brei rif, vermeer 1 st weersk in 3 opeenvlge rye. Heg af. Herhaal vir 2e mousgat.
Met rooi, stel 23 ste op (= halwe skouerband), tel 37 ste op oor voorpanthalsrand, stel nog 23 ste op. Brei rif oor hierdie 93 ste vir 1,5 cm. Heg af. Herhaal vir agterpant. Werk skouernate toe. Moenie pars nie.

## ROOI EN GEEL HITTEGOLWE

**BENODIGDHEDE**
Pingouin-hekelgare Nr. 5 wit, rooi en geel, ongeveer 100 g altesaam; breinaalde van 5 mm.
L.W.: Gare word deurgaans dubbel gebruik.

**MATE**
Borsmaat ongeveer 56 cm.

**SPANNING**
20 ste en 23 rye = 10 x 10 cm.

**AFKORTINGS**
r — brei regs: aw — brei aweregs; ks — koussteek (1 ry regs, 1 ry aweregs); oks — omgekeerde koussteek; rif — riffelsteek (= brei 1 regs, 1 aweregs deurgaans oor ewe getal steke); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; st(e) — steek(steke); weersk — weerskante; vlge — volgende.

**AGTERPANT**
Met wit stel 8 ste op en brei ks. Vermeer 1 st weersk in 12 alt rye (= 24 ste vermeer in 24 rye). Vermeer 4 ste aan beg van vlge 4 rye en 5 ste aan beg van vlge 2 rye (= 26 ste). Gaan voort op dié 58 ste tot werk 13 cm lank is.
Begin golfpatroon.
Werk volgens diagram, en wanneer sykant 15 cm lank is (gemeet vanaf einde van broekspypvermeer) word mousgat gevorm.

**Mousgatvorming**
Heg 5 ste af aan beg van vlge 2 rye, daarna 1 st weersk in elke 2e ry, 6 maal. Brei tot werk 27 cm lank is.

**Halsvorming**
Op vlge ry brei 9 ste, heg middelste 18 ste af, brei voort oor laaste 9 ste. Heg 3 ste af aan halsrand aan beg van vlge 3 alt rye.

**VOORPANT**
Stel 8 ste op, en brei soos agterpant tot sykant 15 cm lank is.

**Mousgatvorming**
Heg 6 ste af aan beg van vlge 2 rye en vermin 1 st (aan regte kant) weersk in ry op vlge 5 alt rye (= 22 ste vermin).
Brei voort tot werk 26 cm lank is.


**Halsvorming**
**Vlge Ry:** brei 9 ste, heg middelste 18 ste af, brei voort oor laaste 9 ste.
Heg 3 ste af op halsrand aan beg van vlge 3 alt rye.

**AFWERKING**
Borduur klein motiewe met rooi gare in Switserse duplikaatsteek soos op foto.
Werk kruisnaat toe.
Met wit, stel 50 ste op langs broekspyprand en brei rif vir 1,5 cm. Heg af. Herhaal vir 2e broekspypstrook.
Werk synate toe.
Met wit, tel 32 ste oor mousgatrand op en brei rif. Vermeer 1 st weersk in ry in 3 opeenvlge rye. Heg af. Herhaal vir 2e mousgat.

**SKOUERBANDJIES**
Met wit stel 23 ste op, tel 37 ste langs halsrand op, stel nog 23 ste op vir 2e skouerbandjie en halsstrook van agterpant. Brei rif vir 1,5 cm en heg af. Brei voorste skouerbandjies en halsstrook op dieselfde wyse. Werk skouernate toe. Moenie pars nie.

**GOLWE**

☐ — wit ☒ — oranje
● — rooi




# Nou. Laat jou hond se halsband pas by sy leefwyse.




**Tikgard Dogband.**
**Vir rondlopers.**
Die halsband waarvoor bosluise die meeste bewe.

**Shellgard Dogband.**
**Vir tuisblyers.**
Effektiewe, goedkoop beskerming teen vlooie.

Reg. nr. G601 Wet 36/1947.
Bevat Propoxur — 9,4% m/m.

Reg. nr. G6 Wet 36/1947.
Bevat Dichlorvos — 9,3% m/m.

Jonsson 4430/2A